191. T. 2 (31)

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Verw./Ref. No. ..................

NASIONALE ONDERWYSRAAD
NATIONAL EDUCATION COUNCIL

Telegramme / Telegrams "Adviesraad"
Telefoon / Telephone 3-3114 / 3-3117

Privaatsak / Private Bag 298,
PRETORIA.



# FUNDAMENTELE DENKE

Deur

Prof. H.B. Thom,

Voorsitter van die F.A.K. en die Nasionale Onderwysraad.

(Openingsrede, A.T.K.V.-Kongres, Kroonstad, 28 April 1970,
8 namiddag)

I

Die uitnodiging wat tot my gerig is om die openingsrede by hierdie kongres te lewer, het ek met genoeë aangeneem. Ek werk immers al baie jare lank met die A.T.K.V. saam; en ook het ek terdeë besef dat hierdie kongres 'n besonder belangrike kulturele geleentheid is.

Dit is die A.T.K.V. se twee-en-veertigste kongres, en by hierdie geleentheid word die veertigste bestaansjaar van die A.T.K.V. herdenk. Die A.T.K.V. kan op 'n lang tydperk van diens aan die Afrikaner terug kyk, en, gesien teen die agtergrond van wat hy in dié tyd gedoen en bereik het, het hy vandag stof tot vreugde en dankbaarheid.

Ek wil dus graag begin deur veral namens twee liggame waarmee ek ten nouste verbonde is, te wete die F.A.K. en die Nasionale Onderwysraad, die A.T.K.V. van harte geluk te wens met hierdie betekenisvolle geleentheid. Ons deel in u vreugde; ons wens u geluk; ons bring aan u ons beste wense oor vir die groot taak wat nog vorentoe op u wag. Ons wens die Hoofvoorsitter en sy Raadslede sterkte en wysheid toe in hulle

2/.............

Rig korrespondensie aan DIE SEKRETARIS/Address correspondence to THE SECRETARY.

beheer van die sake van die A.T.K.V.; ons wens die Hoofsekretaris en sy personeel insig en seën toe in hulle veeleisende administratiewe taak; ons wens alle kongresgangers en alle ander lede van die A.T.K.V. voorspoed en welslae toe in die positiewe bouwerk wat hulle as lede van 'n groot, dinamiese kultuurorganisasie doen. Mag u almal u taak met toewyding en blymoedigheid voortsit, want daardeur sal u as Afrikaners aan u eie lewe sinvoller inhoud gee en tegelyk die Afrikanerdom geestelik sterker maak.

XX oor S.-Afr. en versk. kult.-groepe.

II.

By 'n geleentheid soos hierdie pas dit ons om stil te staan en vir onsself rekenskap te gee van die huidige toestand in verband met ons kultuurarbeid, en meer bepaald van die vordering wat die A.T.K.V. gemaak het. Vanselfsprekend kan ek dit nie in die kort bestek van 'n openingsrede doen nie; en ek gaan inderdaad ook nie 'n poging aanwend nie. Maar dit sal nietemin in hoë mate op hierdie kongres gedoen word: dit hoort só op 'n feeskongres, en dit sal uit referate en besprekinge voortvloei.

Wat myself betref, wil ek my bepaal by 'n punt wat myns insiens vir ons vandag van die allergrootste belang geword het. Laat ek dit sommer dadelik duidelik stel: Ek wil 'n pleidooi daarvoor lewer dat ons sal ondersoek of ons in ons optrede telkens tot die kern van ons eie lewensbeskouing gaan, en of ons vir onsself duidelikheid het dat ons kultuurarbeid daardie lewensbeskouing nog steeds as uitgangspunt behou het. Ons moet vir onsself afvra of ons in ons denke en doen primêr nog vasstaan by wat vir die Afrikaner fundamenteel of grondliggend is; en of ons

nie miskien al méér gesteld daarop geraak het om ons primêr slegs teen sekere skadelike invloede in ons midde te wend nie. Ek wil my baie versigtig uitdruk, want ek weet dat ons hier met 'n vraagstuk te doen het waaruit daar maklik misverstand kan ontstaan.

Die Afrikaner het reeds 'n felle stryd om sy behoud, fisiese en geestelike behoud, gevoer. Daardie stryd het vandag, veral in geestelike sin, 'n hoogtepunt bereik. Dit hoef ons dus nie te verwonder nie dat ons as individue en ook as groepe wat deur sekere organisasies saamgebind word, die stryd teen denasionaliserende en demoraliserende invloede aangebind het.

Watter invloede ?

Komm. Ons bestry die Kommunisme, en ons word hiertoe voortdurend deur Kerk en Staat en Skool opgeroep. Ons hou byeenkomste waar die Kommunistiese bedreiging duidelik gestel en indringend bespreek word; ons dra fondse by om die stryd met krag te voer; en ons stig organisasies sodat ons kragte en middele des te doeltreffender gemobiliseer kan word. Pragm. Ons word gewaarsku teen die Pragmatisme en die Humanisme, wat in ons eie tyd - en soms in nuwe gedaantes - weer so sterk na vore getree het. Ons aandag word daarop gevestig dat die leer van die Pragmatis, wat die waarde van strewes of standpunte aan die hand van die praktiese nut daarvan wil bepaal, vernietigend vir baie van ons persoonlike en nasionale ideale is; en dat die leer van die Humanis, Hum. wat die menslike waardigheid en die vryheid van die persoonlikheid voorop stel, 'n ondermyning van ons godsdiens meebring. Ons word ook Mat. gewaarsku teen die perkelose materialisme, waardeur baie van ons

4/.........

Afrikaners vandag vasgevang is, en ons word daarop gewys dat hierdie faktor die ondermyning van naasteliefde en idealisme veroorsaak.

Ons word opgevorder tot die stryd teen ander faktore, wat vandag net soos die voorgaandes, baie sterk van oorsee ons land binnedring. Ons word gewaarsku teen die Amerikanisme (terloops 'n term wat nie oral dieselfde betekenis het nie), wat vir die meeste Afrikaners veral dui op 'n strewe van die Amerikaners om deur middel van byvoorbeeld beurse, fasiliteite en nuusmedia hulle geestelike invloed uit te brei, en wat vir 'n gees van nasionalisme ondermynend kan wees. Ons word gewaarsku teen 'n strewe na onbesonne rassegelykstelling en -integrasie, wat reëlreg indring teen die tradisionele Suid-Afrikaanse opvatting van rasseskeiding; en ons word opgeroep teen die vloed van pornografie, in letterkunde en beeld, wat besig is om die westerse wêreld te oorstroom en wat die aanvaarde norme van ons sedelewe ernstig ondergraaf.

Teen al sulke faktore stry ons, en dit is goed dat ons dit doen - ja nog meer, dit is noodsaaklik dat ons dit doen, want ons nasionale en kulturele identiteit as Afrikaners is op die spel. Immers, hy wat vandag met lede oë staan en toekyk dat sulke invloede in ons land voortwoeker, hy wat nie in die strydperk inklim om aan die sy van sy mede-Afrikaner te gaan staan nie, is besig om die Afrikanerdom - en inderwaarheid die hele Suid-Afrika - in die steek te laat. Dit is net deur ons gesamelike krag, ons gesamelike kennis en toewyding dat ons kan hoop om op die duur staande te bly. Laat ons dus dankbaar wees dat ons die gevare raaksien en begryp, en dat ons mekaar se hande gevat om daarteen te stry. Mag ons in hierdie stryd dan ook nooit verslap nie.

III.

Aan enige stryd is daar egter twee sye: jy stry teen iets en jy stry vir iets. Die eerste verteenwoordig die negatiewe sy van die stryd, die tweede die positiewe sy. Altwee is belangrik; die een is nie sonder die ander denkbaar nie, sáám vorm hulle 'n eenheid.

Maar ons kan sê dat ons teen iets stry omdat ons ons eers en veral geroepe voel om vir iets te stry. Dit is dus die positiewe sy wat fundamenteel of grondliggend is; die negatiewe sy, hoe noodsaaklik ook al, vloei dááruit voort. Sonder die positiewe sou die negatiewe nie daar gewees het nie. Die positiewe het te doen met jou uitgangspunt en, in figuurlike sin, jou optrede na binne: Wat is jy? Wat wil jy? Die negatiewe het te doen met jou optrede na buite: Wie is jou vyande? Hoe gaan jy teenoor hulle handel? Dit moet vir ons duidelik wees: dit is 'n kwessie van klem of perspektief, en, só gesien, moet dit vir ons ewe duidelik wees dat die positiewe eerste kom, en dáárna die negatiewe.

Nou lyk dit vir my of Suid-Afrikaners, en met name ook Afrikaners, hulle perspektief dikwels nie meer suiwer hou nie. Ons raak so verdiep in die negatiewe sy van ons stryd, ons is so besig met die stryd teen ondermynende invloede, dat ons die oorheersende belangrikheid van die positiewe sy nie genoegsaam besef nie. Ons besin vuriglik oor hoe ons geïdentifiseerde of identifiseerbare vyande sal bestry, maar ons is nie ewe vurig in ons pogings om te besin oor hoe die positiewe geeskrag van die Afrikaner versterk moet word, sodat sy weerstand teen

6/.........

geestelike aftakeling daardeur vanself groter sal wees nie. Met ander woorde, in ons ywer - en, let wel, lofwaardige ywer - is ons geneig om nie meer fundamenteel te dink nie, maar om eerder self, ten dele ten minste, die weg van die Pragmatis op te gaan. XX Lyk vir ons nuttig.

Slegs wanneer ons fundamenteel dink, kan ons die juiste perspektief behou en die positiewe sy van die stryd voorop laat gaan. Oor watter geestelike kragte beskik die Afrikaner, en hoe moet dit by hom versterk word sodat hy uit homself 'n vaste bolwerk teen die genoemde gevare sal wees? Immers, wanneer hy as Afrikaner sterk staan, wanneer hy hom van sy eie beginsels en oortuigings bewus bly, sal hy vanself veel sterker wees as wanneer hy primêr ten gevolge van 'n gevaar-besef tot aksie gebring word. Wat meer is, daardie aksie ten gevolge van 'n gevaar-besef, sal soveel sterker en vrugbaarder wees wanneer dit deur 'n lewenskragtige, oortuigde Afrikanerskap gedra word. Dit is nie moontlik om hier in besonderhede op die positiewe kragte van die Afrikaner in te gaan nie. Dit is ook nie nodig nie, want die hoofsake is bekend genoeg, en ek volstaan dus met 'n kort aanduiding daarvan. watter positiewe kragte is dit bv.?

Godsd. (Calv.)

Onder die diepere, fundamentele geestelike kragte van die Afrikaner moet bowenalles sy godsdiens genoem word. Die Afrikaner is deur die wil van die Here gedurende sy geskiedenis hier te lande, en ook reeds gedurende sy voorgeskiedenis in Europa, gerig en gevorm om Calvinis te wees, en hy het dan ook op onmiskenbare wyse in sy diepere wese Calvinis geword. Ons Nederlandse voorouers, wat die volksplanting in Suid-Afrika kom stig het, het gekom uit die Republiek van die Verenigde Nederlande wat met hart en siel vir die Calvinisme geveg het. Ons hou in gedagte dat Jan van Riebeeck en die eerste volksplanters in

7/............

Suid-Afrika aangekom het in die glorietydperk van die Nederlandse Republiek en, merkwaardiger nog, pas vier jaar nadat die Nederlandse Republiek in 1648 sy politieke en godsdienstige vryheid verwerf het. Ses-en-dertig jaar ná die landing van Van Riebeeck het weer die Hugenote gekom, Franse volgelinge van Johannes Calvyn en in sommige opsigte miskien nog selfs beslister Calviniste as die Nederlanders. Verdere Calvinistiese immigrante het met verloop van tyd bygekom: indiwidue, huisgesinne en groepe, sodat die Calvinistiese boom steeds groter en sterker in Suid-Afrikaanse bodem gegroei het. Begryplikerwyse het met die loop van jare ook baie mense van ander geloofsoortuiginge in ons nasionale en sosiale patroon opgegaan, maar wat Afrikaners betref, het die Calvinisme in hulle geestelike lewe kenmerkend en oorheersend gebly.

Ander geestelike kragte het regstreeks by die Calvinisme aangesluit, of selfs tot 'n groot mate daaruit voortgevloei. Dit is opmerklik dat Calviniste, oral in die wêreld waar hulle gewoon of hulle gaan vestig het, groot waarde aan die onderwys van hulle kinders geheg het. Dit is verstaanbaar, aangesien Calvyn onder andere die standpunt gehuldig het dat die ware gereformeerde geloof net kan gedy as dit tot 'n wel-opgevoede gemeente gepredik word. In Suid-Afrika sien ons ook hoedat, van die vroeë dae van die Nederlandse koloniste en die Hugenote af, Afrikaners hulle steeds vir die onderwys van hulle kinders beywer het. Die onderwys het, naas die godsdiens, myns insiens die vernaamste bydrae tot die behoud en opgang van die Afrikaner gelewer.

8/.........

Demokr.

'n Ander betekenisvolle faktor wat hier beklemtoon moet word, is ons staatkundige opvattinge en veral ons demokratiese gees. Die Calvinisme laat die klem op die indiwidu val: anders as die Rooms-Katoliek, glo hy dat die gewone lid van die gemeente die reg het om self die Heilige Skrif te lees, selfs meer, dat dit die plig van die gemeentelid is om self die Bybel te lees. Hierdie klem op die indiwidu word oorgedra op die politieke of staatkundige lewe, en dan beteken dit dat die Calvinis, as indiwidu, 'n aandeel aan die politieke lewe gegee moet word, en ook dat sy plig is om hieraan 'n aandeel te neem. In die lig hiervan kan ons verstaan waarom Calviniste, en insonderheid Afrikaners, oortuigde demokrate is en in die reël voorkeur gegee het aan die republikeinse staatsvorm. Hierdie staatkundige stroming loop dwarsdeur ons geskiedenis, tot vandag toe.

So kan ons voortgaan en nog verskeie ander geestelike kragte noem, wat eie aan die Afrikaner is en ook in mindere of meerdere mate met ons Calvinistiese godsdiens in verband staan. Ons vermeld nog net 'n paar hiervan.

Patr.

Taal.

Dit was nog altyd kenmerkend van die Afrikaner dat hy 'n baie sterk gees van patriotisme het en dat hy, ondanks sy Europese herkoms, geen ander vaderland as Suid-Afrika ken nie. Anders as anderstalige blanke bevolkingsgroepe, het hy hom dan ook reeds vroeg en herhaaldelik in hierdie gees uitgespreek. Die Afrikaner het 'n intense liefde vir sy taal; hy aanvaar dit as een van sy kosbaarste kultuurbesittinge; hy het hom meermale aangegord vir die ontwikkeling en erkenning daarvan; en hy het op merkwaardige wyse in 'n kort tydsbestek

'n bloeiende letterkunde opgebou. In die maatskaplike lewe het die Afrikaner steeds groot waardering getoon vir die huisgesin: die hegte gesinsband, wat weer aangevul en uitgebrei en omsluit is deur 'n groter familieband, het inderdaad 'n betekenisvolle faktor in die wordingsgeskiedenis van die Afrikaner geword. Diep in sy gees lê daar ook 'n belangstelling in en 'n liefde vir sy nasionale verlede, want hy weet dat dit deur sy verlede is, en deur al die groot faktore wat in die loop daarvan hulle invloed laat geld het, dat hy geword het en gevorm is tot wat hy vandag is. Die Afrikaner word ten slotte gekenmerk deur 'n buitengewone gehegtheid aan en liefde vir sy bodem. Dit is immers hierdie bodem wat hy met inspanning en opoffering vir die Christendom en die beskawing geopen het, waarop hyself en sy kinders die lewenslig aanskou het, waarin sy voorvaders ter ruste gelê is en waarin ook hyself en sy kinders hulle rus sal vind.

Hier het ons die groot kragte in die geestelike vorming van die Afrikaner: sy Godsdiens, sy onderwys, sy staatkundige opvattinge, sy patriotisme, sy taal, sy huisgesin, sy belangstelling in sy verlede, sy gehegtheid aan sy bodem. Dit is hierdie dinge wat die Afrikaner bo alles moet behou en sterk maak; dit is die groot positiewe kragte in sy lewe wat nie mag verswak nie. As hy sorg dat hy hierin sterk is, sal sy perspektief en sy uitgangspunt gesond en suiwer bly, dan sal hy fundamenteel dink en die klem op die positiewe sy van sy stryd laat val. As dit só is, sal hy ook die noodsaaklike negatiewe sy van sy stryd met welslae kan voortsit.

10/..........

Maar die orde mag nie andersom wees nie: die negatiewe mag nie voorop gaan nie. Ons moet eers weet waarvoor ons stry voordat ons kan weet waarteen ons stry. Ons kan dit met die grootste vrymoedigheid só stel, want 'n man mag met onverpoosde ywer veg teen die Kommunisme, die Humanisme, die materialisme, die leer van rasseintegrasie en nog baie ander dergelike demoraliserende faktore, maar daarmee is hy nog glad nie noodwendig 'n goeie, ras-egte Afrikaner nie. Trouens daar is talle en talle ~~van~~ mense, in die buiteland en in ons eie land, wat hierdie gevare beveg maar wat glad nie eers vriende van die Afrikaner is nie. Daarteenoor bly dit 'n feit dat hy wat Afrikaner-Calvinis is, wat sy taal, sy land, sy huisgesin en sy grond liefhet, en wat egte gesonde belangstelling in sy verlede en tradisies het, niks anders as Afrikaner kan wees nie.

Die konklusie is duidelik: eers vir onsself rekenskap gee van ons eie, en die klem dáárop laat val; en dan die noodsaaklike stryd na buite, teen dié dinge wat ons sal oorweldig as ons nie, besiel en versterk deur ons eie, met beslistheid daarteen optree nie. X Hierdeur geen vyande maak nie X Niemand anders sal dit vir ons doen nie

IV.

Teen hierdie agtergrond moet ek - en moet u - die werk van die A.T.K.V. sien. Het die A.T.K.V. toegesien dat hy fundamenteel dink? Het hy toegesien dat hy die volgorde reg hou? Het hy eers die klem laat val op die innerlike, geestelike kragte van die Afrikaner, en dan die noodsaaklike stryd na buite aangebind? Het hy die positiewe voorop laat gaan, en hom vervolgens met die negatiewe besig gehou? Of het hy die volgorde omgedraai? Het hy eers teen iets gaan veg, nog voordat hy hom

behoorlik rekenskap gegee het waarvoor hy veg?

Ons hoef die antwoord nie ver te soek nie. Die A.T.K.V. is in die lewe geroep om die kulturele belange te dien van duisende Afrikaners wat op dieselfde terrein gewerk het, maar wat gevaar geloop het om hulle liefde vir hulle taal en hulle gehegtheid aan hulle volk en vaderland te laat verflou. Die A.T.K.V. is in die lewe geroep om ons godsdiens en ons onderwys in stand te hou, om die gesinsband te bewaar en om in ons volkslewe oor die ereplek van die Afrikaner-vrou en -moeder te waak. U het kongresse gehou; u het die Vrou- en Moederbeweging gestig; u het treffende, besielende volksfeeste van stapel gestuur; u het oorde vir gesonde ontspanning in die lewe geroep; u het Afrikaanse letterkundige wedstryde georganiseer, en deur dit alles heen het u aan die gees van die Afrikaner gebou - regstreeks by u eie lede, maar onregstreeks ook by u mede-Afrikaners in die algemeen. Ek verheug my om te sê: U het fundamenteel gedink; u het positief gebou.

Natuurlik het u langs die pad ook teleurstellings gehad; dit sou vreemd wees as dit nie so was nie. Immers, alles wat met mensehande gemaak en gedoen word, hoe goed dit ook bedoel is en hoe ywerig ook daaraan gewerk word, is nie volmaak nie, en ons moet bereid wees om ook ons teleurstellings te aanvaar. Maar ek weet van geen enkele taak van betekenis wat u aangepak het en waar u as uitgangspunt aan-vaar het om primêr teen iets te veg nie. U het sonder uitsondering eers aan die siel van die Afrikaner gebou, u het hom sterk gemaak en daardeur het u 'n enorme bydrae gelewer om hom in staat te stel om

12/......

hom ook met krag teen denasionaliserende bedreiginge te stel en te handhaaf.

Ons wens u van harte geluk. Ons sê vir u baie dankie. Ons vurige bede is dat u sal sterk wees, sterk wees om op positiewe wyse in die diens van die Afrikaner te bly staan, en hom vorentoe nog altyd sterker en sterker te maak.

------oOo-----